

## Varkvoerkrake nuwe uitdaging vir Obaro

**D**ie Obaro voerkraal projek het die afgelope vyf jaar reeds groot hoogtes bereik met ongeveer 250 opkomende boere wat opgelei is in die bestuur van self onderhoudende voerkrale. Hierdie boere verskaf deurlopend beeste aan Thabazimbi- en Marico abattoirs. Die opleiding- en mentorskap-struktuur van die voerkraal projek is reeds goed gevestig, en Obaro het besluit om die projek uit te brei na varkvoerkrake.

Die eerste voerkraal het in Desember 2009 die lig gesien in Maboloka naby Brits. Mnr. Patrick Sekwatlakwatla, in samewerking met kundiges in die gebied van varkboerdery, dieregesondheid en voere help die boere met advies op 'n deurlopende basis. Die 45 varke het op die eerste dag ingeweeg op 'n gemiddeld van 28kg en die varke se gewig op 30 dae was gemiddeld 45kg, wat binne die voorskrifte vir groei en gewigtoename is.



Mnr. Hugo Meyer van Belhuit Farms.

Een van die kundiges wat hulp en mentorskap verskaf vir die varkvoerkrak-projek is Mnr. Hugo Meyer van Belhuit Farms in Skeerpoort. Mnr. Meyer boer al 30 jaar met varke en is opgewonde oor

Sy raad aan voerkraal eienaars is om te sorg dat die volgende aspekte aandag kry en noukeurig bestuur word vir optimale produksie en gehalte varkveis: Behuising, gesondheid, voeding en genetica.

Klasse vir vark karkasse	Persentasie maer vleis in karkas
P	70 en meer
O	Ten minste 68, maar nie meer as 69
R	Ten minste 66, maar nie meer as 67
C	Ten minste 64, maar nie meer as 65
U	Ten minste 62, maar nie meer as 63
S	61 en minder

\*\* Klas P het die hoogste persentasie maer vleis en kry die hoogste prys.

\*\* Klas S kry die laagste prys as gevolg van hoë persentasie vet.

Tabel 1: Die PORCUS stelsel wat gebruik word vir klassifikasie van varkkarkasse.

die toekoms van opkomende boere in hierdie veld. "Die uitdaging is om te sorg dat opkomende boere met die nodige kennis toegerus word sodat hulle kan beweeg na die kommersiële mark en selfstandig 'n volhoubare bydrae tot die varkveis industrie in Suid-Afrika kan lewer. Opkomende boere moet ook onthou dat sodra daar finansiering betrokke is daar meer verantwoordbaarheid en verantwoordelikheid op hulle rus" aldus Meyer.

Mnr. Meyer is dit eens dat varkboerdery nie die maklikste tipe boerdery is nie en dat die regulasies en klassifikasie van vleis baie strenger is as met bees- en skaapvleis. Varkveis word geklassifiseer op die PORCUS stelsel. Tabel 1 verduidelik hoe die stelsel werk.

Wat behuising aanbetref moet boere met voerkrale sorg dat die varke genoegsame skadu het en dat die hokke so skoon as moontlik gehou word. 'n Groot probleem met varke wat nie genoeg skadu het nie, is dat hulle sonbrand kry en dit veroorsaak koors, wat dan aborsies kan veroorsaak.

Omdat varke maklik vatbaar is vir siektes is higiëne baie belangrik, waterskoene en skoon klere moet aangetrek word as daar met die varke gewerk word, veral as die boer reeds met ander vee of diere in aanraking was. Bio-sekureiteit is hier van uiterste belang.

Vir optimale produksie en omset is dit nodig om die varke se gewig noukeurig te monitor en ook die voer omset noukeurig te bestuur. Mnr. Meyer het sy eie voermenging en meng ongeveer 3 500 ton voer jaarliks vir sy varke.

(Vervolg op bladsy 8...)

### In hierdie uitgawe...

Bome, wonders van die wêreld  
Drupbesproeiing beste vir sitrus  
Obaro Pretoria dra 'n nuwe jas

Fusarium en wortelvrot  
Verskuilde plaë op soja  
Olie vloei by Obaro winkels



**D**ie landbousektor in Suid-Afrika is verantwoordelik vir 60% van die totale waterverbruik in die land. Dit is meer as enige ander sektor se verbruik. Stygende energiekoste en waterbeperkings het boere gedwing om waterbesparingspraktyke te begin toepas.

Die koste van besproeiing het derhalwe ook gestyg en daar moet oplossings gevind word vir meer kostedoeltreffende praktyke. 'n Goeie besproeiingstelsel sal 'n bydrae lewer tot optimale produksie. Sitrus gebruik baie water, veral wanneer die blaaroppervlak groot is. Blaaroppervlak en die bedekkingsoppervlak van die boom word bepaal deur die boom se ouderdom. Die hoogste waterbehoefte is gedurende die vrugset en vruggroei maande (Oktober tot Maart). Sien Fig. 1.

Die variasies op drup en mikrobesproeiing het 'n baie lang aanloop. In antieke tye het landbouers kleipotte met water volgemaak en in die grond begrawe. Die water het geleidelik uit die potte gesyfer en die gewasse nat gehou. In meer onlangse tye (1866) het landbouers in Afganistan kleipype met gaatjies in gebruik om te

besproei. In 1920 is besproeiing met geperforeerde seil pype in Duitsland bekendgestel en met die ontwikkeling van plastiek gedurende die Tweede Wêreldoorlog, het die beginsels van drup en mikro-besproeiing 'n groot hupstoot gekry.

## Drupbesproeiingstelsels vir sitrus bome

Met drupbesproeiing word daar tussen een en vier druppers per boom gebruik. Hierdie stelsel gebruik water baie doeltreffend en dit is duidelik die oplossing vir die toekoms vir permanente gewasse in Suid-Afrika. Die boer kan ook vloeibare kunsmis, direk by die plantwortels, deur die drupper toedien en dus kan die plantvoeding ook meer doeltreffend geskied.

## Voordele van drupbesproeiingstelsels

- Dit is feitlik 100% doeltreffend en lewer presies die regte hoeveelheid water aan die plant
- Verdamping word beperk en indien daar 'n deklaag is sal geen water verlore gaan nie.
- Dit werk baie goed in winderige

omgewings.

- Dit lewer presies die regte hoeveelheid water aan die plant.
- Dit werk baie goed in winderige omgewings.
- Dit help die bestryding van onkruid (dit besproei nie tussen bome nie).
- Help blaarsiekte voorkom.
- Verminder oppervlak afloop.
- Lower kunsmis by opname punt.
- Stelsel kan by enige topografie en landvorm aanpas.
- Instandhouding is gewoonlik goedkoper as konvensionele stelsels.

## Nadele van drupbesproeiingstelsels

Drupbesproeiingstelsels kan deur vandale beskadig word, rotte en knaagdiere kan ook skade veroorsaak. Die grootste probleem is egter verstopping in die druppers en gereelde inspeksie is noodsaaklik. Hierdie verstoppings kan veroorsaak word deur chemiese presipitate (meestal kalsium karbonaat) of soliede deeltjies soos gruis en klippies wat deur die filters gaan. Daar is ook die moontlikheid van biologiese verstoppings soos alge en fungi wat in die

**Weidingspakkette vir volhoubare veevoorsiening**

**AFRIGRO** **AGRI**  
KLEIN KAROO SEED MARKETING • KLEIN KAROO SAADBEMARKING

**Stel gerus KLEIN KAROO Saadbemarking winter weidingspakkette op die proef hierdie plantseisoen.**

**Enhancer - Warrior - Primora - Nui - Commando - Seine - Sterling - Hawer - Rog - Voerradys - Wit klawer - Rooi klawer**

**KLEIN KAROO SAADBEMARKING**

Tel: 044 203 5180 • Tel: 018 293 1233 • Tel: 012 252 6849 • [www.saadbemarking.co.za](http://www.saadbemarking.co.za)

**agribonus** Eis u gratis punte. Besoek [www.agribonus.co.za](http://www.agribonus.co.za) vir meer inligting.

pyp groei. Daar is oplossings vir al die verstoppings en dit is gewoonlik beter om voorkomend op te tree.

Fosforsuur kan deur die druppers gepomp word en terwyl dit die kalk oplos kan dit ook dien as 'n veilige fosfaat bemesting.

#### Voordele van druppers

- Die ontwerp wat 'n groot en wye dwarsdeursnit het help om verstopping te voorkom.
- Die verbeterde gepatenteerde drupper, verseker eenvormige vloeitempo wat die lewering van water en kunsmis reguleer
- Die druppers beskik oor 'n deurlopende self-spoel aksie om verstopping te voorkom.
- Die drupper kan geplaas word presies waar dit benodig word.
- Indien meer water benodig word kan die aantal druppers vermeerder word.

Vir meer inligting skakel gerus die Obaro Landbouontwikkeling by 012 381 2855.




Fig 1: Waterverbruik van sitrus gedurende verskillende tye van die jaar. (Freek Veldman)

### Meer oor besproeiingstelsel opsies

Besproeiingstelsels kan hoofsaaklik in twee groepe gedeel word nl. die swaartekrag- vloeistelsel en die drukstelsel. Eersgenoemde word gebruik in die geval van vloedsbesproeiing en word nie algemeen in Suid-Afrika gebruik nie, omdat die koste-doeltreffendheid baie laag is. Die drukbesproeiingstelsel kan weer in drie groepe verdeel nl. verskuifbare, semi-verskuifbare en statiese stelsels. Die verskuifbare en semi-verskuifbare stelsels word deesdae baie min gebruik in Suid-Afrika omdat dit arbeidintensief is.

Die statiese stelsels kan ook opgedeel word in twee afdelings, een 'n oorhoofse stelsel en die ander stelsel versprei die water onder die bome.

#### Oorhoofse stelsels:

- Sproeiers word tussen 12 en 18 meter uitmekaar gespaseer.
- 'n Spilpunt kwalifiseer ook as 'n statiese oorhoofse stelsels.
- Die oorhoofse stelsels benat algeheel en die sones tussen die bome word ook benat.

#### Mikro-besproeiing:

Een mikro sproeier word by 'n boom geplaas, verskillende sproeierkoppe kan gebruik word afhangende hoe gekonsentreerd die grond benat moet word. Hoe wyer die area wat benat word hoe meer water kan verlore gaan deur verdamping. Tans is hierdie stelsel die mees algemene vir besproeiing van sitrus in Suid-Afrika.

#### Drupbesproeiing:

Tussen een en vier druppers word per boom gebruik. Hierdie stelsels gebruik water baie doeltreffend en is duidelik die stelsel vir die toekoms wat besproeiing van permanente gewasse in Suid-Afrika betref. Die boer kan ook vloeibare kunsmis, direk by die plantwortels, deur die drupper toedien en dus plantvoeding ook meer doeltreffend geskied.

#### “Open Hidroponic Systems” (Oop hidroponiesestelsel)

Oop-hidroponiesestelsel is iets om te oorweeg vir die toekoms aangesien dit tans nog redelik duur is. Hierdie sisteem is ontwikkel deur Martinez van Spanje. Die bome word nog in grond geplant, maar die water en voeding word met impulse aan die boom voorsien. Die bome begin vinniger dra en kan digter teen mekaar geplant word

## Obaro winkels laat olie vloe

Die manne van Niemen Boerdery in Magaliesburg, is besonder trots op hul nuwe blou dieselwaentjie. Hulle het dié waentjie gewen in 'n kompetisie van Total en Obaro. Die kompetisie het tussen Mei en November 2009 plaas-gevind. Kliënte wat 210 liter olie by 'n Obaro winkel aangekoop het, kon inskryf en die wenner

is deur 'n gelukkige trekking bepaal.

Vir die Obaro verkoopsadviseurs was daar 'n kompetisie van hul eie vanaf Mei tot Julie 2009. In hierdie tydperk het die Obaro winkels ongeveer 155 000 liter olie verkoop. Obaro Brits het die meeste olie tydens die kompetisie verkoop, ongeveer 46 700 liter

en Obaro Rustenburg was tweede met 33 400 liter. Les Brandon, onderdele bestuurder by Obaro Brits, het as topverkoper uit die stryd getree met 12 199 liter olie en 'n gratis naweek in die Drakensberge losgeslaan. Kort op Les se hakke was Rohan Roosendaal van Obaro Thabazimbi met 10 890 liter wat beloon is met 'n kontantprys.

Foto's op bladsy 8...

**O**baro Pretoria dra sedert einde verlede jaar 'n nuwe baadjie. Die opgradering van dié winkel, store en die brandstofrybaan is middel Desember 2009 afgehandel.

Kliënte kan nou 'n gemakliker koop-ervaring te wagte wees, met die veevoerstoer wat oorgebou is in 'n nuwe tweeverdieping gebou, 'n vergrote kunsmisstoer sowel as die opgegradeerde winkel en brandstofrybaan.

Die ingang vir die brandstofrybaan en winkel is steeds in Pretoriusstraat, met maklike uitgang na Schoemanstraat. Obaro bedank graag hul kliënte vir die geduld tydens die opgradering van die winkel en waarborg u 'n volgehoue positiewe koop-ervaring by al die Obaro winkels.

Besoek gerus 'n Obaro winkel naby u vir spesiale aanbiedinge tydens die nuwe Rooikolpromosie wat op 18 Februarie 2010 begin.



Die opgegradeerde brandstofrybaan by Obaro Pretoria.



Obaro Pretoria spog met 'n nuwe voorkoms.



Die perseel soos gesien vanaf Schoemanstraat



Volgehoue goeie diens by die brandstofrybaan.



Besoek gerus jou naaste Obaro tydens die nuwe Rooikolpromosie van 18 Februarie - 6 Maart 2010 vir besparings op heelwerktuie, veevoere, omheining, baaldraad en hardware.



**S**ojabone is, soos die meeste ander gewasse, ook onderhewig aan sy kwota van plaë wat 'n groot impak op die oes kan hê indien daar nie betyds opgetree word nie. In hierdie artikel kyk ons na twee van die skuldiges. Die eerste probleem is die voorkoms van Sojaboon-Landmeter wurms.

Probleem nommer twee is ook 'n wurm. Die Afrika Bolwurm is elke jaar teenwoordig. Die eiers word gewoonlik al vroeg op die plante gelê. Die jong larwes voed op die blare, maar later vanaf blom stadium word daar eers regtig skade gedoen. Die lewensiklus by hierdie plaag kan by larwes van 14 tot 30 dae wees

afhange van die temperatuur. Volwasse motte leef vir 10 tot 14 dae en in hierdie tyd word daar tot 'n 1000 eiers per wyfie gelê. Die eiers broei ook tussen drie tot vyf dae uit. Volwasse larwes val op die grond en word 'n papie wat na twaalf dae uitkom as 'n volwasse mot.

Die beheer van hierdie plaë word voorafgegaan deur die bepaling van die infestasië en of dit ekonomies is om te spuit. Die beheer van veral die Bolwurm kan probleme besorg deurdat die larwes in digte plante nie blootgestel word aan die chemikalieë nie. Sorg dus vir 'n deeglike bespuiting.

Die middels wat hier gebruik kan word, is Lamdex in 'n tenkmengsel met Methomil of Chloorpirifos. Laasgenoemde middels verleen 'n gas-aksie aan die spuitmengsel wat beter beheer tot gevolg het.

Vir verdere inligting kontak Nico Prinsloo by Obaro Landbouontwikkeling op 012 381 2855.



Die Afrika Bolwurm in motfase.

Hierdie plaag is sporadies en kan in sekere jare ernstige afmetings aanneem. Hierdie infestasië kom gewoonlik voor vanaf die toegroei van die blaredak. Die lewensiklus van hierdie insek is agtien tot vyf-en-twintig dae. Volwasse motwyfies lê tussen 300 en 600 eiers in die tien tot twaalf dae wat sy leef.

Hierdie eiers broei vanaf drie dae uit en daar is 'n volgende infestasië wat skade aanrig. Die skade simptome is gate wat tussen die nerwe van die blare voorkom. Dit kan so erg word dat die plante totaal ontblaar word.



Die Sojaboon-landmeter wurm in motfase.

## Fusarium en Wortelvrot die stil bekruiers

**D**ie afgelope koringseisoen was weereens gekenmerk deur groot oesverliese in die meeste gebiede. Van die hoofredes vir die verliese is *Fusarium* en Wortelvrot. Daar is geen totale beheermiddels vir hierdie probleme nie. *Fusarium* kom tweemaal op koring voor nl. Grond-gedraag of in die aar. Die bewerking van die lande vooraf is van kardinale belang as daar goeie onderdrukking verlang word.

Die tweede maatreël wat gevolg kan word om *Fusarium* te bekamp is die afwisseling van die koring met nie-vatbare gewasse. Daar is geen chemiese onderdrukking vir wortelvrot nie en die bewerking van grond

is krities belangrik. Besproeiingskedulering en monitering van die verskillende grondprofiële se waterinhoud is ook van kardinale belang.

Obaro het hierdie jaar kundiges se hulp ingeroep om by die Winteroesinligtingsdae, wat in Februarie 2010 afskop, die twee siektes in meer detail met boere te kom bespreek.

Die skedule vir die Winteroesinligtingsdae vir Februarie en Maart lyk as volg:

9 Februarie 2010: Brits, skakel Pim Bronkhorst by 012 252 3393.

10 Februarie 2010: Atlanta, skakel Pim Bronkhorst by 012 252 3393.

2 Maart 2010: Groblersdal/Marble Hall, skakel Norman van Heerden by 013 262 2036.

9 Maart 2010: Ohrigstad, skakel Jaco Roodt by 013 235 4911.

11 Maart 2010: Koedoeskop, skakel Dave Grobbelaar by 012 381 2930.

24 Maart 2010: Thabazimbi, skakel Faan van Vreden by 014 777 1557

25 Maart 2010: Skuinsdrift, skakel Kobus van Wyk by 014 504 0040.

Hou die agterblad van die Obaro Nuusbrief dop vir die res van die jaar se datums.



**B**ome is een van die grootste natuurwonders van die wêreld. Spandeer gerus 'n uur of twee onder 'n groot boom. Die waardigheid en rustigheid wat die boom uitstraal is 'n ervaring wat elke mens moet ondervind. Bosreus is vinnig aan die verdwyn maar daar is steeds 'n paar wat die verbeelding aangryp.

In 'n onlangse uitgawe van die "National Geographic" tydskrif verskyn daar 'n interessante artikel oor die hoogste bome in die wêreld naamlik *Sequoiadendron giganteum* en *Sequoia sempervirens*. Die hoogste bome ter wêreld word in die Humboldt Staatsbos in die deelstaat Kalifornië, in die V.S.A. aangetref.

Rooihout wat "*General Sherman*" gedoop is. Die boom se botaniese naam is *Sequoiadendron giganteum*. Dié bosreus is 95 meter hoog, ongeveer 2000 jaar oud en groei nog soos 'n tiener. *General Sherman* is 27 verdiepings hoog.

'n Gebou van dertien verdiepings sal net-net by die eerste groot takke van die boom bykom. Die boom se basis is elf meter in diameter. Indien die boom op 'n snelweg geplaas kon word, sal die basis van die boom, drie bane opneem. Een tak van die "*General*" het in 1978 van die boom afgeval. Die tak was twee meter in deursnee en 43 meter lank. Daar word beraam dat die boom elke jaar genoeg hout groei om 'n 30 meter hoë boom te vorm.

en die wêreld se hoogste blommende boom.

'n Buurman van *Centurion* is ewe verdienstelik "*Trairus*" gedoop, wat uit Latyns vertaal kan word as "veteraan soldaat". *Trairus* is 'n allemintige 86m hoog.

Vanweë Suid-Afrika se geografiese ligging en klimaat is inheemse bome ongeluk nie so groot in statur soos die bogenoemde bome nie, maar is ewe indrukwekkend. Die groot vyf van Suid-Afrikaanse bome wat groot hoogtes kan bereik is: *Podocarpus falcatus* (Outeniekwa Geelhout), *Breonardia salicina* (Matumi/Mingerhout), *Acacia galpinii* (Apiesdoring), *Adansonia digitata* (Kremetart) en *Ficus sycomorus* (Gewone Tros Vy). Een van Suid-Afrika se bekendste bome is die Outeniekwa Geelhout, vernoem na Koning Edward VII, (*Podocarpus falcatus*) wat in die Knysna bos by Diepwalle staan. In Daleen Mathee se boek "Kringe in 'n Bos", word daar na die boom verwys as 'n "kalandar" – die bosmense se verwysing vir 'n Outeniekwa geelhout. Die boom is 39-40 meter hoog en na raming tussen 600 en 1000 jaar oud. Die basis van die boom se deursnit is 2.2 meter. Ander inheemse spesies kan ook hoogtes van meer as 30 meter bereik (sien lys van Kampioen bome). Hierdie bome groei oor dekades en verdien beskerming van grondeienaars, die Regering en die algemene publiek. Hierdie uitsonderlike bome is Suid-Afrika se groen erfenis vir die toekoms.



Van die bosreuese in Humbolt Nasionale Park in Kalifornië.

Die Kaliforniese Rooihout, *Sequoia en Sequoiadendron* word in die beskermde klowe aangetref.

Een van die beskermde klowe is die tuiste van 'n groep van 180 bome wat almal gemiddeld 100 meter hoog is. Die hoogste boom in die Humboldt Staatsbos is 'n massiewe 115 meter (379.1vt) hoog. Die boom is in 2006 "ontdek". Rolprente soos "Jurassic Park II" en "Star Wars episode VI, Return of the Jedi" is in die Humboldt Staatsbos verfilm.

'n Ander bosreus wonder, is 'n Kaliforniese

Die tweede hoogste groep bome in die wêreld is inheems aan Australië en Tasmanië. *Eucalyptus species* kom in Australië en Tasmanië voor, en is saam met ander *Eucalyptus species* wêreldwyd aangeplant as gesogte hardhout vir die bosboubedryf. *Eucalyptus species* groei relatief vinnig. In 2008 is 'n *Eucalyptus regnans* in 'n natuurlik woud in Tasmanië "ontdek". Die boom is gedoop as die "*Centurion*", die Romeinse hoofman oor 'n honderd. *Centurion* hou tans drie wêreld rekords. Teen 101 meter hoog is *Centurion* die wêreld se hoogste bloekomboom, die hoogste hardhout spesie in die wêreld

In Suid-Afrika is dit ook nie uitsonderlik vir uitheemse bome om meer as 50m hoog te word nie. *Eucalyptus species* (Bloekoms) is die uitheemse spesie wat die meeste in Suid-Afrika aangeplant is. Boere het hierdie bome aangeplant as windbrekers en gebruik vir houtpale. Bloekoms is ongelukkig watervrate en dié uitsonderlike bome word tans op groot skaal uitgewis.

Elke boom het sy eie bekoring en inheemse bome is die interessantste. As jy weer in die skaduwee van 'n groot boom sit, dink gerus aan die jare se groei en die uitsonderlikheid van die boom, inheems of uitheems. Maak seker niemand kyk nie en gee die boom 'n drukkie.

Vir enige navrae skakel gerus vir Sanet de Klerk by 012 381 2855.

#### Bronne:

*National Geographic Remarkable Trees of South Africa - Neels Esterhuysen.*

*Sien bladsy 7 vir 'n lys van die kampioen inheemse bome in Suid-Afrika.*

Inheemse bome wat as groot beskou word				
Boom spesie	Hoogte (m)	Stam diameter Borshoogte (m)	Kroon Wydte (m)	Ligging van Boom
Adansonia digitata Kremetart	22	10.47	38.2	Sagole, Limpopo
Adansonia digitata Kremetart	17	15.9	37.05	Hoedspruit, Mpumalanga
Ficus salicifolia Wonderboomvy	22	5.32	53.3	Pretoria, Gauteng
Bretonia salicina Mingerhout	41	2.44	32.3	Mojadjikloof, Limpopo
Adansonia digitata Kremetart	19	9.08	35.3	Mojadjikloof, Limpopo
Adansonia digitata Kremetart	22	7.71	30.2	Mokopane, Limpopo
Ficus sycomorus Gewone trosvy	25	3.94	45.7	Polokwane, Limpopo
Ficus sycomorus Gewone trosvy	31	3.34	35.1	Mica, Limpopo
Acacia galpinii Apiesdoring	30	3.01	41.2	Rust de Winter, Gauteng
Podocarpus falcatus Outeniqua Geelhout	39	2.22	29.6	Knysna, Wes Kaap
Prunus africana Rooistinkhout	40	1.83	28.9	Straathoek, Oos-Kaap
Faidherbia albida Anaboom	36	1.75	35.2	Lephalale, Limpopo
Ficus thonningi Gewone Wildevy	28	3.31	31.9	Umtentweni, Kwazulu-Natal
Podocarpus falcatus Outeniekwa Geelhout	36	1.88	33.6	Letaba, Limpopo
Bretonia salicina Mingerhout	41	2.06	23.6	Mojadjikloof, Limpopo
Ptaeroxylon obliquum Nieshout	45	1.29	22.7	Lekgalameetse, Limpopo
Xanthocercis ambesiaca Njalaboom	22	3.54	29.8	Sagole, Limpopo
Celtis africana Witstinkhout	39	5.05	19.7	Tzaneen, Limpopo
Ekebergia capensis Essenhout	35	1.66	23.7	Lekgalameetse, Limpopo
Ficus cordata Namakwa-vy	17	4.78	32.5	Boesmanland, Noord-Kaap

Die kampioen bome in Suid-Afrika, soos opgeteken in die grootboom register van die Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika



Bosbouwerkers in Humbolt Nasionale Park in Kalifornië.

**Alma** 014 721 0933  
**Brits** 012 252 3393/4  
**Dwaalboom** 014 778 0611/65  
**Groblerdsdal** 013 262 2036/7  
**Naboomspruit** 014 743 3403  
**Northam** 014 784 0303/4  
**Koedoeskop** 012 381 2930/2

**Lydenburg** 013 235 4911  
**Lephalale** 014 763 2119  
**Marble Hall** 013 261 2803  
**Magaliesburg** 014 577 1340/1  
**Thabazimbi** 014 777 1557/8  
**Vaalwater** 014 755 3588

**Pretoria** 012 323 6472/4  
**Potgietersrus** 015 491 8957  
**Rustenburg** 014 592 2328  
**Skuinsdrift** 014 504 0050  
**Hartswater** 053 474 0100  
**Wonderboom** 012 381 2935

### Vanaf bladsy 1...

Hy gebruik nie 'n elektroniese menger nie. Sy gespesialiseerde resep wat hy oor jare verfyn het bevat sekere bestanddele wat tot op die gram afgemeet word deur een van sy werkers. Van die bestanddele wat hy gebruik sluit in: mieliemeel, semels, soja, sonneblomoliekoek, lisien, vismeel en MCP sout, voerkalk en vitamienes.

Genetika is ook een van die aspekte wat 'n groot invloed het op die sukses van 'n varkboerdery, daar is verskillende rasse om van te kies en die opkomende boere moet streef daarna om klein varkies by kommersiële boere aan te koop. Die omgewing en ander faktore soos hierbo

genoem moet ook in gedagte gehou word wanneer hulle besluite maak oor watter rasse om mee te boer. "Duroc" bere word



*Klein varkies op Mnr. Meyer se plaas*

as terminale bere gebruik en Landras en "Large whites" het weer goeie moederskap eienskappe. Daar is ook deesdae nuwe sintetiese rasse wat deur varktelers geteel word vir optimale produksie, soortgelyk aan die "Beefmaster" beesras.

Obaro is baie opgewonde oor die nuwe uitdaging van varkvoerkrale en met die mentorskap van kundiges soos Mnr. Meyer is 'n suksesvolle projek gewaarborg.

### Vanaf bladsy 3...



*Vnr. Mnr. Reynier de Beer, Takbestuurder Obaro Magaliesburg, Mnr. Dry (snr.) van Niemen Boerdery en Mnr. Frans Redman van Total.*



*Heleen Byleveldt en Les Brandon van Obaro.*



**Redakteur en bladuitleg:** Elanie van der Walt  
Tel nr.: 012 381 2855  
E-pos: elaniev@obaro.co.za

**Drukwerk:** Seriti Printers Die Obaro Nuusbrief is 'n inligtingsblad wat maandeliks deur Obaro saamgestel en uitgegee word. Obaro aanvaar geen verantwoordelikheid vir aansprake wat in die advertensies gemaak word nie en vereenselwig hom nie noodwendig met menings en aanbevelings van individue of enige ander liggaam of organisasie wat in artikels in die Obaro Nuusbrief verskyn nie. Die redakteur het die reg om waar nodig artikels te redigeer en stylaanpassings te maak.